

Maandag 4 April

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20

Fokusgedeelte: Matteus 28:19

Ons lewe saam met die Drie-enige God

Die Here Jesus se werk op aarde is nou klaar. Hy gaan dit ná sy hemelvaart, wat kort hierna sou gebeur, vanuit die hemel voortsit. Hy gee hier vir sy apostels belangrike opdragte. Hierdie opdragte moet ook uitgevoer word deur almal wat Hy ná die apostels se tyd daartoe sou roep. Die opdragte is om hier op aarde alle nasies deur evangelieverkondiging tot geloof roep, mense te doop en hulle sy opdragte te leer.

Om in God se Naam gedoop te word, wys dat die gedoopte op 'n baie besondere manier in 'n verhouding met God gestel is, en in die kring van sy liefde en heerskappy gebring is. Die doop is dus vir mense 'n teken en 'n bevestiging dat hulle aan die Drie-enige God verbind is. Ons hoor immers hier van die Eenheid van God (één Naam) én van die Drieheid van God (die Vader, die Seun en die Heilige Gees).

Hierdie besondere aksent op die Drie-eenheid van God wanneer mense gedoop word, is baie treffend verwoord in ons kerke se Doopsformuliere, veral in die gedeelte wat oor ons verlossing handel. Luister gerus by 'n volgende doopgeleentheid in u gemeente spesiaal daarna.

Ons besef en beleving van God se Drie-eenheid is dus van die vroegste oomblikke van ons Christelike lewe (ons doop) deel daarvan. En hierdie besef en beleving van God se Drie-eenheid maak ons geestelike band met Hom soveel ryker. Ons leef saam met die Vader wat in alles vir ons sorg, die Seun wat ons van alle sonde en ellende verlos, en die Heilige Gees wat in ons diepste menswees kom woon het en ons van daar af nuut en anders maak.

Sing: Psalm 118-1:14

Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)